**Saterdag 9 Desember**
**Skrifgedeelte: Markus 1:21-28**
**Fokusgedeelte: Markus 1:22, 27 (AFR53/83)**
**God se gesagvolle woorde en werke**

Verstomming en verbasing by die mense in Kapernaum. Die Leermeester uit Nasaret het hulle met gesag geleer. Dan is daar nog ’n reaksie: ’n man begin skreeu in die sinagoge. Hy gaan Jesus teë. Hy sê dat hy Hom ken. Jesus dryf die bose gees uit wat die man beset het. Dan is daar nog meer verbasing by die mense in die sinagoge. Jesus leer met gesag en Hy gebied selfs die bose geeste en hulle gehoorsaam Hom.

Dit is aangenaam om na iemand te luister wat met gesag oor ’n onderwerp kan praat. So iemand gee nie net tweedehandse inligting weer nie. Hy weet waarvan hy praat. Jesus is die Seun van God, die vleesgeworde Woord van God wat die op Skrif gestelde Woord van God geleer het. Hy wonder nie wat die Skrifgedeelte beteken of hoe dit van toepassing is op sy hoorders nie. Hy weet waarvan Hy praat. Die mense in Kapernaum het op daardie Sabbatdag vir God Self hoor preek.

Watter reaksie het God se Woord by jou tot gevolg? Maak dit jou verbaas en verstom? Dit is goed, maar dit moet ook nog meer doen. Die Gees met die hoofletter het dit bedoel om in ons geloof te werk. Geloof waardeur ons erken dat daardie Woord van God kom; dat dit Goddelike gesag het; dat ons ons daaraan onderwerp en dit wil gehoorsaam. Geloof waardeur ons God vertrou en aan die verdienste van sy Seun vasgryp.

Die teëstand wat Jesus se gesagvolle woorde daar in die sinagoge in Kapernaum ontlok het, gebeur vandag nog. Jesus het die bose gees uitgedryf, want Hy het deur kruis en opstanding heen as Oorwinnaar oor die Bose uit die stryd getree. In en deur Jesus kan ons die teëstand teen sy Woord wat ons in ons en om ons beleef, oorwin.

*Sing: Psalm 119-1:39, 51*

*Ds. ASA de Bruyn (Stefaans) (Wilropark)*